

14 Februarie

**Skrifgedeelte: Jeremia 5 en 6
Fokusgedeelte: Jeremia 5:23-25 en 30-31;
6:9,14 en 16-17**

Vra na die ou paaie en wandel daarin

Jeremia 5:23-25 bely dat die Here alles deur sy genade onderhou. Die volk het die kennis, maar hulle moedswillige sondes het die goeie van hulle weerhou. Die volk wil in die oor gestreel wees, daarom preek die profete en priesters die dinge wat hulle graag wil hoor. Solank die valse leraars vrede verkondig wat goed klink vir die ore van die volk is hulle gelukkig, maar tensy hulle hulle bekeer, het hulle geen vrede by God nie. Hulle weet van die goeie ou paaie waarin hul vaders gewandel het. En hulle weet as hulle hierdie weë weer bewandel hulle rus sal vind vir hulle siele. Onthou, tradisie is nie net altyd outydse leringe wat nie meer geld nie. Ons moet gaan kyk en gaan ondersoek instel na dit wat ons vaders ons geleer het en oordeel of ons nog die goeie weg volg. Ons moet dus let op ons Christelike opvoeding, belydenis en beginsels wat gegrond is op God se Woord. Daaraan moet ons vashou en dit daagliks navolg. Dit sal ons skans wees teen die valse prediking van vrede terwyl daar geen vrede is nie.

Sing: Psalm 77:7

Ds DL de Beer (Emeritus)